Die Wyse manne

Inleiding

Hierdie is ons laaste les van die Kersles reeks. Hierdie week sal ons kyk na die kontras tussen Koning Herodus en die Wyse Manne. Ons Bybel text kan gelees word in Matthéüs 2:1-12. Die belangrikste punte waarna ons sal kyk is:

- Wyse manne soek Jesus – Soek Jesus is altyd die wyse ding om te doen.
- Niemand is te ver van God af weg nie.
- God wil hê ons moet nederig wees.

Video playlist

Lesgids

Begin deur jou kind te vra om te praat oor wat hulle tot dusver in die Kerslesse geleer het. Jy kan verwys na die nativiteit stel wat julle saamgestel het oor die laaste oaar weke om hulle te help onthou. Wys daarop dat jy net nog een toevoeging het om by te voeg voordat die stel voltooi is.

Vra jou kind of hulle onthou of die Herders ryk of koninklikes was. Hulle was nie, maar die Wyse manne wat gekom het om Jesus te soek was. Wys daarop dat alle mense Jesus moet soek, maak nie saal of hulle ryk, konink, arm of doodgewone mense is nie. Jy kan 'n speletjie speel deur sommige beroepe en houdings te lys of te teken (of gebruik ‘n bestaande speletjie). Laat jou kind een van elkeen teken, byvoorbeeld, 'n gelukkige bakker of 'n woedende visserman. Jy kan hierdie speletjie ook kombineer met charades/30 seconds waar jou kind moet op te tree soos hierdie beroeps persoon (afhangende van jou kind se ouderdom). Terwyl julle deur die verskillende kombinasies gaan, wys daarop dat hulle almal Jesus nodig het in hul harte.

Wys daarop dat die Wyse Manne wys was. Praat oor hoe die Wyse Mans die sterre bestudeer het. Indien moontlik, neem jou kind buite toe om na die sterre te kyk. Wys konstellasies uit. Jy kan ook kies om na 'n boek of tv reeks van sterre te kyk. Verwonder jou oor hoe God elke ster by hulle naam noem. Verduidelik dat die Bybel sê die vrees van God is die begin van wysheid. Dink aan hoe die Wyse Manne as ryk en baie slim beskou was, maar hulle het steeds hul huise verlaat om Jesus te gaan sien. Wys daarop dat hulle baie ver weg van Bethlem gebly het, die plek waar Jesus gebore was. Herinner jou kind dat niemand te ver van God af is nie, want God is oral. Wys daarop dat almal na Jesus kan kom vir verlossing.

Nadat julle oor die Wyse Manne gepraat het, praat oor Herodes. Wys daarop dat hy ook ‘n koning was. Hy was ryk en het groot en baie besittings gehad, net soos die Wyse Manne. Maar koning Herodes het gekies om nie Jesus te gaan sien nie. Hy was trots en het sy krag meer liefgehad as wat hy God wou ken. Hy was gewillig om slegte dinge aan Jesus en baie ander mense te doen om sy krag te bewaar.

Herodus en die Wyse Manne was die teenoorgestelde van mekaar. Dink aan ander dinge wat teenoorgesteldes is. Bied aan jou kind 'n suurlemoen. Vra hulle om jou te vertel wat die teenoorgestelde sou wees daarvan. Bied aan hulle 'n kussing, en vra hulle om iets te identifiseer wat die teenoorgestelde is van ‘n kussing. Jy kan 'n speletjie speel deur beurte te maak en mekaar 'n item te bied waarvoor die ander persoon die teenoorgestelde kan vind. Wys daarop dat die goeie is die teenoorgestelde van die bose. Reg is die teenoorgestelde van verkeerd. Jy kan ook die speletjie speel deur die uitleg van 'n seleksie van items op die tafel en jou kind te vra om pare van teenoorgesteldes te maak.

Praat oor hoe die Wyse Manne gekies het om geskenke te bring om aan Jesus te bied. Vra jou kind watter geskenk hulle na 'n pasgebore koning sou neem. Verduidelik dat Jesus 'n geskenk van ons wil hê – ons harte.

Plaas die Wyse Manne in die nativiteit stel wat julle oor die afgelope weke aan gebou het. Herinner jou kind dat oud of jonk, ryk of arm, wys of eenvoudig, almal voor Jesus moet buig.

Bid en dank Jesus dat Hy in die wêreld ingekom het. Vra Hom om jou te help om soos die Wyse Manne te wees en Hom te soek.

© 2019 truewaykids.com

Die wyse manne het terug gekeur na hulle huis toe op 'n ander manier, sodat hulle nie weer koning Herodes sou sien nie. God het hulle gewaarsku dat Hy hulle sou probeer bedrieg.

Die wyse manne het gelukkig teruggekeer huis toe.

Hulle het Jesus gevind. Die belangrikste koning van almal.

In 'n land ver weg, het wyse manne die sterre bestudeer.

'n Skielike, nuwe ster het in die lug verskyn. Dit was baie helder!

"Wat dink jy kan dit beteken", het hulle gevra.

"Dit moet wees vir 'n spesiale koning,"het hulle gesê. Hulle het die huis verlaat en die ster gevolg.

Hulle het 'n paar duur geskenke gepak en met hulle kameel al die pad na Israel gereis.
Toe hulle daar aankom, het hulle na die paleis gegaan en met Koning Herodes gepraat.
Maar hy was nie die spesiale koning nie. Koning Herodus was bekommerd. Hy wou nie 'n ander koning in sy land hê wat moontlik sy plek sou inneem nie.

Die wyse manne het die ster van die paleis na 'n klein huisie gevolg.

Daar het hulle Josef, Maria en Jesus gevind.

Hulle het gekniel en drie spesiale geskenke aan Jesus gegee. Hulle het aan Hom goud, wierook en mirre gegee.

Speletjies en Aktiwiteite

Stuur die pakkie aan ("Pass te parcel")

Dit is 'n klassieke partytjie speletjie in die Verenigde Koninkryk (UK). Draai 'n geskenk met baie lae papier toe. Tussen elke laag kan jy 'n klein lekkerding toedraai. Sit in 'n sirkel met een persoon wat die pakkie hou. Speel musiek en stuur die pakkie rond totdat die musiek stop. Elke keer as die musiek stop, verwyder die persoon wie die pakkie vashou een laag, en kan hy/sy die lekkerding hou. Die speletjie gaan voort totdat daar nie meer lae oor is nie.

Volg die ster skattejag

Hier is 'n prettige skattejag speletji wat julle binne of buite kan speel. Die idee is soortgelyk aan dié van 'n papierroete skattejag, behalwe dat ons die sterre sal volg. Druk of sny ster vorms uit en versteek dit op verskillende plekke. Vir jonger kinders kan jy laat hulle 'n eenvoudig roete volg. Vir ouer kinders kan jy een ster in elke plek versteek met leidrade na waar om die volgende ster te vind.

Sterre kyk

Op 'n duidelike aand, kan jy buite toe gaan en na die sterre kyk saam met jou kinders. As jy die les gedurede die dag gebruik kan jy 'n video snit of foto's van sterre in 'n boek aan jou kind wys. Probeer jou voorstel dat jy verskillende vorms en prentjies kan maak deur die sterre te koppel.

© 2019 truewaykids.com

Sorteer die letters om “STER” te spel





Volg die lyne na die sterre



© 2019 truewaykids.com



Tel en kleur die vorms in

© 2019 truewaykids.com

Kleur die ooreenstemmende sterre dieselfde kleur in



© 2019 truewaykids.com

Watter pad lei die wyse manne na Jesus toe?



© 2019 truewaykids.com

Kunswerk - 3D-ster

Wat jy nodig het:

- Templaat gedruk op kaart
- Potlode, kryte of verf
- Skêr
- Kleef band
- Opsioneel : gom en glitter
- Opsioneel: toutjie

Wat om te doen:

Sny die ster vorms uit die templaat bladsy uit (los die stippellyn tot later).

Versier beide kante van elke ster. Opsioneel: gebruik gom en glitter en laat dit droog word.



Sny die stippellyn na die middel van elke ster. Voeg sterre saam en plak in plek.

Opsioneel: Voeg 'n toutjie by om die ster te hang.

© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com





© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com



Koning Herodes

© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com

Worship Time

We Three Kings

https://youtu.be/jBwL3y-Wlms

Ask Seek Knock

https://youtu.be/J3vXskhl1ig

Jesus is the King

https://youtu.be/30cU0EMP5_s

Gebed

Vra God om jou te help om Hom elke dag te soek. Dank God dat Hy ons genooi het om Jesus te ontmoet.

Volgende week

If you haven't already done so, sign up to receive future lesson by email.
truewaykids.com/subscribe/

© 2019 truewaykids.com